

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**NO. 7789****7 August 2026****REJECTION OF AN APPLICATION FOR A DTA ADVANCE PRICING AGREEMENT IN TERMS OF SECTION 76I(b) OF THE INCOME TAX ACT, 1962 (ACT NO. 58 OF 1962)**

In terms of section 76I(b) of the Income Tax Act, 1962, I, Ngobani Johnstone Makhubu, Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe in the attached Schedule, the additional requirements that will lead to the rejection of an application for a DTA advance pricing agreement.

**N J MAKHUBU****COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

Schedule

1. General

Any term or expression in this notice to which a meaning has been assigned in a “tax Act”, as defined in section 1 of the Tax Administration Act, 2011 (Act No.28 of 2011), has the meaning so assigned, unless the context indicates otherwise.

2. Additional requirements for the rejection of an application for a DTA advance pricing agreement.

In addition to section 76I(a) of the Income Tax Act, SARS will reject an application for a DTA advance pricing agreement in the following circumstances:

- 2.1 The proposed DTA advance pricing agreement would not reflect the economic reality of the affected transaction.
- 2.2 The application requires SARS to consider the legal form of an affected transaction without taking the substance of the affected transaction into account.
- 2.3 An affected transaction appears to lack commercial substance or is entered into primarily to avoid tax.
- 2.4 The application involves the interpretation of a general or specific anti-avoidance provision or doctrine.
- 2.5 The application is in respect of an issue that is the same as, or substantially similar to, an issue that is subject to—
 - 2.5.1 a proposed amendment to a tax Act that has been published;
 - 2.5.2 dispute resolution under Chapter 9 of the Tax Administration Act or an Article in an agreement for the avoidance of double taxation; or
 - 2.5.3 a voluntary disclosure program application by the applicant.
- 2.6 The application pertains to the tax consequences of affected transactions contained in any other agreement which has already been concluded with SARS.
- 2.7 The application differs materially from the details provided during the pre-application consultation stage.
- 2.8 The application is submitted for academic purposes.
- 2.9 The application is in respect of a frivolous or vexatious issue.
- 2.10 The applicant fails or refuses to provide additional information requested by SARS.
- 2.11 The applicant does not pay the prescribed fees in section 76D of the Income Tax Act.
- 2.12 The competent authority of the other country does not want to be party to the DTA advance pricing agreement.

2.13 The applicant is not tax compliant to the extent referred to in section 256(3) of the Tax Administration Act.

3. Commencement

This Notice will apply to all applications for a DTA advance pricing agreement received on or after the date of publication of this Notice in the Government *Gazette*.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**NO. 7789****7 Augustus 2026****VERWERPING VAN 'N AANSOEK OM 'N DBO VOORAFPRYSOORENKOMS INGEVOLGE
ARTIKEL 76I(b) VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 1962 (WET NO. 58 VAN 1962)**

Ingevolge artikel 76I(b) van die Inkomstebelastingwet, 1962, bepaal ek, Ngobani Johnstone Makhubu, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hiermee in die aangehegte Bylaag, die addisionele vereistes wat tot die verwerping van 'n aansoek om 'n DBO voorafprysoreenkoms sal lei.

N J MAKHUBU**KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

Bylaag

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing vervat waaraan 'n betekenis geheg is in 'n "Belastingwet" soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011) omskryf, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die samehang andersins aandui.

2. Addisionele vereistes vir die verwerping van 'n aansoek om 'n DBO voorafprysooreenkoms

Bykomend tot artikel 76I(a) van die Inkomstebelastingwet, sal SAID 'n aansoek om 'n voorafprysooreenkoms onder die volgende omstandighede verwerp:

- 2.1 Die voorgestelde DBO voorafprysooreenkoms sal nie die ekonomiese realiteit van die geaffekteerde transaksie weerspieël nie.
- 2.2 Die aansoek vereis SAID om die regsvorm van 'n geaffekteerde transaksie te oorweeg sonder om die inhoud van die geaffekteerde transaksie in ag te neem.
- 2.3 Die geaffekteerde transaksie blyk 'n gebrek aan kommersiële inhoud te hê of is hoofsaaklik aangegaan om belasting te vermy.
- 2.4 Die aansoek die vertolking van 'n algemene of spesifieke teenvermydingsbepaling of -leerstelling, behels.
- 2.5 Die aansoek is ten aansien van 'n aangeleentheid wat soortgelyk is aan, of wesenlik soortgelyk is aan 'n aangeleentheid wat onderhewig is aan—
 - 2.5.1 'n voorgestelde wysiging tot 'n Belastingwet wat gepubliseer is;
 - 2.5.2 geskilbeslegting kragtens Hoofstuk 9 van die Wet op Belastingadministrasie of 'n Artikel in 'n ooreenkoms vir die vermyding van dubbelbelasting; of
 - 2.5.3 a vrywillige blootleggingsprogramaansoek deur die aansoeker.
- 2.6 Die aansoek hou verband met die belastinggevolge van geaffekteerde transaksies vervat in enige ander ooreenkoms wat alreeds met SAID gesluit is.
- 2.7 Die aansoek verskil wesenlik van die details voorsien tydens die voor-aansoek konsultasie fase.
- 2.8 Die aansoek is ingedien vir akademiese redes.
- 2.9 Die aansoek is ten opsigte van 'n beuselagtige of kwelsugtige aangeleentheid.
- 2.10 Die aansoeker versuim of weier om addisionele inligting vereis deur SAID te verskaf.
- 2.11 Die aansoek betaal nie die voorgeskrewe fooie in artikel 76D van die Inkomstebelastingwet nie.
- 2.12 Die bevoegde gesag van die ander land wil nie 'n party tot die DBO voorafprysooreenkoms wees nie.

2.13 Die aansoeker is nie belastingnakomend tot die mate in artikel 256(3) van die Wet op Belastingadministrasie, na verwys nie.

3. Inwerkingtreding

Hierdie Kennisgewing sal op alle aansoeke om 'n DBO voorafprysooreenkoms ontvang op of na die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die *Staatskoerant* van toepassing wees.